**CARRA VAN LAKEWELD (red.): NEDERLAND TEGEN APARTHEID. Sdu Uitgeverij, Amsterdam, 1994.**

Dit is bekend dat die Suid-Afrikaanse stamland Nederland 'n aktiewe rol in die stryd teen die apartheidsbestel in Suid-Afrika gespeel het. Die Nederlandse anti-apartheidsbewegings was besonder aktief in die reël van demonstrasies en agitasies teen die Suid-Afrikaanse regering en met hulpverlening aan anti-regeringsmagte in Suid-Afrika. In Januarie 1989 het die ANC dan ook 'n kantoor in Amsterdam geopen. In hierdie werk lig skrywers verskillende aspekte en persone toe wat 'n bydrae tot die veldtog teen die Suid-Afrikaanse bestel gelewer het.